AGTERGROND – inleiding tot die jagluiperd (acinonyx jubatus)

Geskiedenis:

Van al die groot katte in Afrika is die jagluiperd die mees bedreigde spesie en die jagluiperd is 'n beskermde spesie in Suider Afrika. Dit word aangeteken as bedreig op die United States Endangered Species Act en word gelys op CITES Bylaag (Appendix) 1. (CITES Convention on International Trade in Endangered Species is 'n internasionale verdrag wat die handel in wilde diere monitor. Bylaag 1 verwys na spesies wat deur handel bedreig word en wat in gevaar is om uit te sterf.)

Eienskappe:

Fossiel oorblyfsels dateer 3,5 - 4 miljoen jaar terug, wat die jagluiperd die oudste van die oorblywende kat spesies op die aarde maak. Die jagluiperd is 'n hoogs gespesialiseerde dier wat aangepas is vir spoed. Die jagluiperd is die vinnigste landdier wat 'n topspoed van 110-120 km/h kan bereik. Jagluiperds is baie lig gebou en weeg die minste van al die groot katte met die wyfies wat 35-40 kg weeg en die mannetjies wat 45-60 kg weeg. Hulle het lang vaartbelynde liggame en lang, slanke bene. Die liggaamsbou en liggaamsgrootte kan gebruik word om die jagluiperd van die luiperd, die ander groot gekolde kat in Afrika, te onderskei. Die luiperd is laer en bonkiger gebou met 'n swaar, groot been struktuur en baie spiermassa. Die jagluiperd se liggaam is oortrek met 'n gemiddeld van 3000 ronde of ovaal kolle. Saam met die korter, vaalwit agtergrond kleur is die kolle verantwoordelik vir die kamoeflering (samesmelting met die agtergrond) van die jagluiperd. Luiperds het "rosette" op hul rug en sye wat oor die algemeen bestaan uit 'n gebroke swart ring rondom 'n bruin kol. Die jagluiperd het baie prominente en kenmerkende traanstrepe wat strek vanaf die binneste hoek van die oog tot by die mondhoek.

Gedrag:

Ons verwys na die jagluiperd as 'n roofdier omdat hulle ander diere vang en doodmaak vir kos. As gevolg van die jagluiperd se vinnige spoed, jag hulle in die dag en word meestal gevind in oop savannes/grasveld. Hulle is meestal alleenlopers met broers wat soms groepies vorm. Wyfies sal die welpies vergesel vir so lank as twee jaar en sal hulle in hierdie tyd vaardighede leer wat nie instinktief is nie soos om te jag en om ander roofdiere te vermy. Omdat jagluiperds baie lig gebou is, kan hulle nie goed baklei nie en verkies om eerder weg te hardloop as hulle bedreig word; daar word dus na hulle verwys as nie-aggressiewe diere. As gevolg van die feit dat jagluiperds konfrontasie met ander roofdiere vermy is hulle ook die enigste groot roofdier wat nie mense in die natuur aanval nie.

TABEL 1: vergelyking van algemene inligting

	JAGLUIPERD	LUIPERD	LEEU	ROOIKAT	TIER	HUISKAT
Wetenskaplikenaam	*Acinonyx jubatus*	*Panthera pardus*	*Panthera leo*	*Felis caracal*	*Panthera tigris*	*Felis domesticus*
Vernaamste Kenmerke	▪ Lang, slank lyf ▪ Bronskleuringe pels met soliede swart kolle ▪ Swart "traanmerke" op die gesig ▪ Klein kop ▪ Amberkleurige oë ▪ Kloue nie in skedes	▪ Grootste gekolde kat, kort, bonkig en gespierd ▪ Pels gemerk met rosette ▪ Geen "traanmerke" op gesig nie ▪ Groot kop, sterk kakebeen ▪ Groen oë ▪ Kloue trek terug in skedes	▪ Grootste Afrika roofdier ▪ Eenvormige vaal / geelbruin / sanderige pels ▪ Mannetjies het lang maanhare ▪ Stert het soms swart punt ▪ Kloue trek terug in skedes	▪ Lang, slank lyf ▪ Geelgrys tot rooibuin pels ▪ Kort stert wat geleidelik vernou ▪ Ore dun en gepunt ▪ Lang swart kwasse op ore (4.5cm) ▪ Agterbene langer as voorbene ▪ Kloue trek terug in skedes	▪ Grootste van alle katte ▪ Swart strepe op oranjekleurige pels ▪ Mannetjies het 'n prominente kraag ▪ Kloue trek terug in skedes	▪ Een van die klein katte ▪ Verskeidenheid van kleure en patrone ▪ Kloue trek terug in skedes
Grootte	▪ Totale lengte: 180 – 220 cm ▪ Volwasse liggaams lengte: 112 – 135cm ▪ Stert lengte: 60-80cm ▪ Skouer hoogte: 73-80cm ▪ Gewig: ▪ 30-45kg (Wyfies) ▪ 45-60kg (Mannetjies)	▪ Liggaams lengte: 91 - 243cm ▪ Stert lengte: 68-110cm ▪ Skouer hoogte: 70-80cm ▪ Gewig: ▪ 17-60kg (Wyfie) ▪ 20-90kg (Mannetjie)	▪ Totale lengte: 230 – 270cm (Wyfie) en 250-330cm (Mannetjie) ▪ Stert lengte: 100cm ▪ Skouer hoogte: 100cm (Wyfie) en 120cm (Mannetjie) ▪ Gewig: ▪ 110-152kg (Wyfie en 150-225kg (Mannetjies)	▪ Liggaams lengte: 60-92cm (Wyfie) en ▪ 80-105cm (Mannetjie) ▪ Stert lengte: 20-35cm ▪ Skouer hoogte: 40-50cm ▪ Gewig: ▪ 11-15kg (Wyfie) en ▪ 13-20 (Mannetjies)	▪ Liggaams lengte: 119-170cm (Wyfie) en ▪ 170-290cm (Mannetjie) ▪ Stert lengte: 53-119cm ▪ Skouer hoogte: 85-124cm ▪ Gewig: ▪ 75-33kg Sumatra - Siberië	▪ Gewig: 3-5kg
Verspreiding	Afrika: 26 lande Iran: 200 individue	Afrika: Wyd verspreid. Ook in Suid - Asië, Verre Ooste en Arabië	Afrika: Suidelik / Oos Enkele in Asië	Afrika: Asië, Noordwes Indië, Arabië	Kom nie in Afrika voor nie: Indië, China en Indonesië.	Word wêreldwyd gevind waar mense woon.
Habitat	Grassveld, savannes, bosveld, heuwelagtige gebiede. Meerderheid lewe buite beskermde gebiede.	Baie aanpasbaar– habitats sluit in bosveld, laagliggende gebiede, woude, berge, savannes, droë steppe	Wye habitat toleransie: grasvlaktes, droë bosveld en semi-woestyn. (Nie gevind in woude nie)	Wye verspreiding vanaf oop savanne en bosveld tot semi-woestyn gebiede. Word nie in woude gevind nie.	Nie gevind in oop habitats nie, bly gewoonlik in 'n verskeidenheid van woude en mangrove moerasse waar hulle water en skuilplek	Menslike vestigings

Jagluiperd

Leeu

Luiperd

Rooikat

Tier

Huiskat